
Subject: NG Kerk Gay

Dear Saints

This e-mail will be in Afrikaans, since it is directed specifically at Afrikaans speaking members of the Dutch Reformed Church.

Liewe vriende

Dit was met groot hartseer dat ek in die media verneem het van die NG Kerk se Algemene Sinode-besluit om praktiserende gay lidmate, gay huwelike en praktiserende gay leraars toe te laat.

Hoewel ek hierdie waterskeiding-besluit al letterlik vir jare antisipeer (dit was slegs 'n kwessie van tyd voordat dit sou gebeur), het dit nogtans as 'n skok gekom. Ná jarelange selfmisleiding het die NGK nou letterlik self sy eie doods-klok gelui:

Ons dien 'n lankmoedige God wat ryk is in genade. Ons dien ook 'n God wat 'n verterende vuur is. En midde-in sy baie krisisse (al vinniger dalende lidmaatgetalle, Belhar, eenheid met die voormalige VGK en die NGKA, Vrymesselaars-albatros om sy nek, apartheidsgeskiedenis) het die NGK homself nou finaal in die voet geskiet. Hierdie besluit is 'n onomkeerbare geestelike ongeluk wat 'n plek soek om te gebeur. Die NGK gaan nie met hierdie een wegkom nie. As die Heilige Gees Homself aan 'n kerk onttrek weens sonde, bly sit dit met koue geboue, en 'n struktuur- en stelsel-masjienerie wat Geesloos voortknars op sy ingeslane sondige roete, en 'n leierskap en lidmaatskap wat al verder op die afdraaipadjes van selfmisleiding verdwaal.

Ons het in 2000 'n naam gekies vir hierdie bediening: *Trumpet Call*.

Die Bybelteks op ons logo is Eseg. 33:4:

As hulle die ramshoring hoor, en nie ag slaan op die waarskuwing nie, dan is hulle bloed op hulle eie koppe.

Vandag, NG-vriende, blaas hierdie bediening vir julle die ramshoring. Laat dié wat ore het, luister:

Om die analogie te gebruik van die padda in die pot water wat al hoe warmer raak:

NG-lidmaat, dit is NOU tyd om te spring! Spring uit Babilon uit. Spring uit Sodom uit. As jy langer wag, gaan die hitte jou bene te lam maak om te KAN spring! Dan kan dié buite die pot bloot toekyk hoe die water om jou begin kook. Hoe ons geliefde broers en susters in die NGK witpens-bo ronddryf tussen die stoomborrels van sonde.

Moenie dros of AWOL uit die NGK uit nie. Bedank amptelik: Skryf 'n kort bedankingsbrief (met of sonder opgaaf van redes) en handig dit in by jou kerkkantoor. Versoek in jou brief dat jou attestaat aan jou besorg word, en skeur dit voor die Here op wanneer jy dit ontvang. Só knip jy die geestelike naelstring tussen jouself en 'n gay kerk. Jy wil nie in die geesrealm meer aan só 'n instansie verbind wees nie.

Ek en my gesin het reeds 18 jaar gelede die sprong uit die NGK gemaak. In retrospeksie: Die beste sprong wat ons ooit gemaak het. Ons het nooit weer teruggekyk nie.

Wanneer jy uitspring, begin 'n huiskerk met jou vriende wat saamgespring het. Ons het materiaal op ons webblad www.trumpetcall.co.za wat leiding kan gee op sodanige nuwe koers. Moet in hemelsnaam nie 'n klein NG-kerkie of Bybelstudie in 'n huis begin nie. Huiskerk-denke behels 'n totaal nuwe denkraamwerk. Maak seker jy begryp dit vóórdat jy afskop.

Vir dié wat dit oorweeg om steeds in die NGK aan te bly: Hoe 'n sondige besluit moet jou leiers neem voordat jy gaan wakkerskrik? Wat moet gebeur voordat jy 'n streep in die sand trek?

Ons blaas ook die ramshoring vir die para-kerk: Onafhanklike bedieninge soos ons eie, maar wat reeds jare lank om den brode parasiteer op die goedgesindheid van die NGK. Julle sal nou 'n keuse moet maak, broers en susters. Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou.

Daar gaan baie gou etlike venynige grappies oor die NGK op sosiale media wees. Een wat ek antisipeer, is:

NGK? Nederduitse Gay Kerk.

Nee, dit is nie my persoonlike gesindheid nie.

Myne is eerder iets soos: NZK: Nederduitse Zeitgeist Kerk. Want dís waaronder die NGK gekapituleer het. Die tydsgees. Wat 'n ongelooflike, hartseer ramp!

Wat dink ek gaan op die lange duur van die NGK word?

Net soos die Rooms-Katolieke kerk wat tydens die Reformasie en daarna geweier het om sy sonde te bely en vandag 1,2 biljoen mense (ongeveer 'n sesde van die wêreldbevolking) in misleiding gevange hou, sal die NGK weens sy reeds jarelange hardkoppige, beteweterige weiering om sy sonde te bely waarskynlik dieselfde pad loop:

Hy sal al verder verdwaal, sy eie leuens glo, mettertyd vergeet wie die Heilige Gees is, Hom dit vervang met 'n bose gees, en helaas al meer demonies raak.

Hy sal al hoe meer populêre, oorstrelende doktrines aanvaar wat deur die tydsgees gedryf word – om lidmate te wen. Dalk sal hy groei, dalk sal hy krimp. Maar een ding is seker: Weens Geesloosheid sal hy uiteindelik sonder noemenswaardige teenstand deur Moeder Rome ingesluk word – amper soos die eens magtige Nasionale Party in die onlangse geskiedenis uiteindelik deur die ANC ingesluk is.

Ek salueer 'n eens dapper kryger op die slagveld van die Ewigheid terwyl hy - dodelik gewond - begin roggel in sy selfbesmette bloed.

Rus sag, NGK. Mag jou lyding kort wees.

Eben Swart

Besoek gerus ons webblad www.trumpetcall.co.za